

BEMAGTIG DEUR DIE HEILIGE GEES

Soms lees ons die Bybel asof dit vir iemand anders bedoel is:

(Joh 14:12 AOV) Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader gaan. (Joh 14:13 AOV) En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. (Joh 14:14 AOV) As julle iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.

Wat 'n aangrypende belofte is dit nie hierdie nie! Kan dit waar wees?!

Die sleutel is die Heilige Gees wat gekom het! Hy van wie JESUS gepraat het in: *(Joh 14:15 AOV) As julle My liefhet, bewaar my gebooie. (Joh 14:16 AOV) En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: (Joh 14:17 AOV) die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. (Joh 14:18 AOV) Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.*

Dink hieroor: Deur die werking van die Gees van God in ons, wil God dieselfde dinge deur ons doen as wat JESUS gedoen het! Dieselfde dinge ... lammes wat weer loop; blindes wat kan sien; dooies wat opstaan; storms wat stil word.

Maar ook groter dinge as dit wat JESUS gedoen het. Dit is wat JESUS self belowe vir jou en my wat kan gebeur? Of wat gaan gebeur? Die keuse lê absoluut in jou hande.

'n Ander Trooster het gekom om by ons te bly ... soos wat Jesus by Sy dissipels gebly het – 24 uur per dag, sewe dae 'n week. So is die Gees by en in ons. **Met ander woorde, soos wat Jesus die gelowiges se Helper was tydens Sy lewe op aarde, is die Heilige Gees nou ons Helper.** Hy sit hierdie Helper-bediening voort tot die einde toe. Die Grieks vir Trooster is *parakletos* en dit beteken *Comforter, Advocate. One called to the side of another for help or counsel.* Jesus sê vir ons in **Johannes 14:18-20 – Omdat Hy by en in julle is, gaan Ek self in en by julle wees.**

DIE FOKUS VAN DIE BEDIENING VAN DIE HEILIGE GEES

(Joh 14:26 AOV) maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

Die fokus van die Heilige Gees se bediening deur ons is **(1) die woorde van JESUS en (2) die woorde oor JESUS**. Net JESUS – en dit wat Hy gedoen en gesê het. Daarop gaan die Gees die heeltyd die kollig vestig. **As ons wil hê dat die Gees ons alles moet leer van JESUS, dan moet die Woord van God prioriteit in ons lewe word, want JESUS is die Woord wat aarde toe gekom het en vlees geword het en onder ons kom woon het. (Joh 1:1-5, 14)**

DIT IS JESUS WAT ONS DOOP MET DIE HEILIGE GEES

Mat 3:11 Ek doop julle wel met water tot bekering; maar Hy wat ná my kom, is sterker as ek, wie se skoene ek nie waardig is om aan te dra nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur. Sy Naam is ook Gees van die waarheid, sê JESUS. Hy sal ... van My getuig (Johannes 15:26; 16:8-14).

Dink 'n bietjie saam met my oor die wonder wat JESUS hier beskryf: God die Heilige Gees, kom woon in elkeen se hart wat JESUS as Verlosser en Here bely. Hy is gedurig by ons en in ons en gebruik ons monde, hande en liggaam om die hart van die Vader, Sy liefde, en die volle waarheid oor JESUS met 'n ongelowige wêreld te deel. Die Heilige Gees wil ons gefokus hou op JESUS en dit wat Hy vir ons bewerk het. Daarom kan ons verwag dat die Heilige Gees ons al hoe meer sal leer van ons erfenis in JESUS. Dis ook die Heilige Gees wat God se planne vir die toekoms aan ons openbaar. Hy doen dit deur visioene of drome of deur ander gelowiges.

DIT BRING NUWE KRAGDIMENSIE IN JOU LEWE

Die Heilige Gees, in en op Jesus, het 'n nuwe kragdimensie in JESUS se bediening meegebring. In Mattheus 3:11 hoor ons uit die mond van Johannes die Doper dat Jesus bekend gaan staan as die Doper met die Heilige Gees. JESUS was self tydens die aanvang van Sy openbare bediening deur die Vader met die Heilige Gees toegerus. (Luk 3:21-22) **Daarom beskryf Lukas Jesus in Lukas 4:1 as vol van die krag van die Gees. Jesus kry die geleentheid om in die sinagoge aan die mense te verduidelik hoekom Hy gesalf is. (Jes 61:1-3)**

DIS 'N BELOFTE VAN JESUS AAN ELKEEN WAT GLO

Net voor Jesus se hemelvaart belowe Hy elkeen van Sy volgelinge die volgende: (Hand 1:8 AOV) maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde. (Hand 2:4 AOV) En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek. Sonder hierdie krag-dimensie in ons eie lewens kan ons nie effektiewe getuies van 'n lewende God en Sy werk wees nie. Paulus beaam hierdie krag-dimensie in sy eie lewe en bediening in **(1Th 1:5)**

HOEKOM IS DIE HEILIGE GEES BELANGRIK IN ONS LEWE?

- Gee ons krag in ons innerlike mens om onder die druk van omstandighede en die wêreld sterk en staande te bly.
- Gee vir ons nog meer krag om sonde, slegte gewoontes en ander bindinge te oorwin.
- Help ons om selfbejammering te oorkom wanneer ons vervolgd word, as gevolg van die vreugde en krag.
- Verskerp ons visie omtrent wat God besig is om te doen in die wêreld vandag.
- Maak ons meer sensitief vir die geestelike dinge en die geestelike realm.
- Verhelder ons verstand sodat ons die Woord van God kan verstaan.
- Help ons om effektief te bid.
- Gee ons krag oor die mag van Satan.
- Bevorder die vrug van die Gees in ons lewens.
- Werk deur ons met die gawes van die Heilige Gees.

VEREISTES VIR DOPING MET DIE HEILIGE GEES

- **Die belofte van die Heilige Gees is vir ALMAL WAT GLO.** (Hand 2:38-39) Hier word dit belowe dat as jy jou van jou sondes bekeer het en jou sondes kwytskeld is, jy die doping met die Heilige Gees kan ontvang. Dit is 'n belofte vir alle mense.
- **En wanneer jy die doping met die Heilige Gees ontvang sal die bewys daarvan wees die taal wat jy ontvang:** (Mar 16:17; Hand 2:4)
- **'n Paar gevallestudies kan ons duideliker sien wat gebeur wanneer mense met die Heilige Gees gedoopt word:** (Hand 10:45-46; Hand 19:6)

- **Die grootste vereiste vir die wat glo om gedoop te word met die Heilige Gees, is dat jy daarna moet dors.** (Joh 7:37-39; Jes 58:11)
- **Dan moet ons aanhou om 'n lewe van gehoorsaamheid en heiligmaking te leef** (Joh 14:15-17)
- **Ons moet besef dat saam met die ontvang van die Heilige Gees gaan daar verantwoordelikhede gepaard.** Die Heilige Gees is daar om jou krag te gee om die evangelie te verkondig en om 'n getuie van JESUS te wees. (Luk 4:18-19)
- **Dan moet jy onvoorwaardelik aan God oorgee.** Soos die Heilige Gees 'n woord of 'n taal in jou gees gee, moet jy dit uitspreek in die geloof en toelaat dat strome van lewende water deur jou vloei. (Luk 24:48-49)
- ***(Joh 14:17 AOV) die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie... .*** Wêreld in Grieks is *kosmos* en beteken die sosiale wêreld, die ongeredde mense kan Hom nie ontvang nie. Daarom het nie al die mense die Heilige Gees nie. (Rom 8:9-16; Gal 4:6; 1 Kor 3:16-17) Die rede hoekom die ongeredde mens nie hieraan kan deel hê nie is omdat hulle weier om Hom te “sien” of te ken deur die ewangelie toe te laat om in hulle lewens te werk. Joh 1:12; Joh 3:5; Joh 3:16-20; Joh 5:24

OM DIE HERE DEUR DIE DOOPWATER TE VOLG

(Hand 2:38 AOV) En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. (Hand 2:39 AOV) Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.

Vir die Jood in daardie dae, om gedoop te word, het beteken dat hulle al hulle regte van Judaïsme (of die Jodedom), alle *fellowship* met hulle nasie met al hulle politieke regte en voorregte opgee en deel geword van Christenskap. Vir jou en my beteken dit dieselfde. Ons gaan al ons regte van 'n sondige lewe, *fellowship* met die sonde en al die "regte en voorregte" moet opgee en dit verloën en deel van Christus se nuwe familie word. Dit gaan beteken dat ons in sekere opsigte ontferm gaan word soos die Jode. **Hulle was onmiddelik afgesny van die familie en het hulle erfporsie verloor deur gedoop te word, want die doop was 'n verklaring dat hulle Judaïsme verloën en deel is van 'n nuwe familie in Christus.** Daar is van julle hier wat afgesny gaan word van jou vriende, selfs van jou familie, wanneer jy hierdie stap van aksie neem.

Volgens die Skrif moet jy jou altyd eers bekeer, voor jy jou kan laat doop, en 'n persoon wat homself bekeer ontvang onmiddelik vergifnis van sonde. Slegs dan kan 'n persoon die Here deur die doopwater volg as 'n uiterlike simbool van die dood, die graf en opstanding van Jesus Christus.

Die doop is 'n uiterlike teken wat volg na 'n innerlike verandering wat jy deurgaans het, waar JESUS jou hart besny het en verander het deur wedergeboorte. Die waterdoop getuig aan die wêreld dat jy reeds jou laat bekeer het en vergewe is deur jou geloof in Christus. (Lees Romeine 6 vir nog Bybelstudie oor die doop)